

Nico van
Gijsen



Raad met jou rande

Ek staan nou die dag by die betaalpunt van ons kruidenierswarewinkel, gereed om te betaal, toe ek hoor: "Straight, or budget?"

Heeltemal onkant gevang, is al wat ek kon uitkry, "huh...?"

Is daar regtig mense wat kruideniersware op afbetaling koop? Kos op skuld?

En volgende maand? En die maand daarna? Daar gaan 'n punt kom waar dit nie sal kán verder nie. Wat dan?

Dis nie my gunstelingonderwerp nie, maar kom ons gesels oor skuld. Ek help veel eerder mense om vir hulself en hul geliefdes welvaart te skep. Skuld skep nie rykdom nie. Skuld kos jou net geld.

Goede en slegte skuld

Koop eiendom en neem 'n verband, wat jy afbetaal oor 15 of 20 jaar. Dis normaal. Ons almal doen dit. En meer as dit nog, ons koop almal ons huise bo ons vuurmaakplek. Dit is omdat 'n huis in die algemeen 'n belegging is wat in waarde toeneem.

Kort voor lank, met so 'n bietjie sop en brood vir aandete vir 'n tyd lank, raak dinge beter en maak die terugbetaling maar deel uit van jou maandelikse begroting. Totdat rentekoerse weer styg, dan begin jy maar weer met die sop en brood. Ja, ek was daar, ek weet.

Die punt is, jy moet jou skuldmakery reg bestuur. Huiskoop is goeie skuld, mits jy vooraf die somme gaan maak het en besluit het dit is wat ek kan bekostig om elke maand aan my eie huis af te betaal (en dan druk vir so 'n bietjie meer).

Slegte skuld is die soort skuld wat jy maak op goed wat nie langtermynwaarde het nie. Goed waarvoor jy nie die geld het nie. En ook nie die dissipline om die versoeking te weerstaan nie.

Die probleem met skuld is dat dit nie weggaan nie. Volgende maand moet jy steeds uitkom op dieselfde salaris, waarop daar intussen nog meer druk geplaas is oor verlede maand se gebrek aan dissipline.



Vereffen eers jou skuld voor jy spaar

Selferkenning en dissipline
is wat werklik nodig is

En só gaan dit maande vir maande. 'n Spiraal van finansiële ellende waarin jy dieper wegsak.

Tot waar jy selfs jou kos op skuld begin koop. Nie net plaas dit druk op volgende maand se beskikbare geld nie, dit kos jou meer. Die debietrente op 'n kredietkaart is 11,5% per jaar, sien ek.

Dit is hoeveel jy meer betaal vir dieselfde item. En soos dit ophoop, so raak dit meer. En jou kans vir welvaart skep uit jou hardverdiende geldjies raak minder en minder.

As jy in sulke moeilikheid is, hoe kom jy daaruit?

As dit erg gaan, kan jy gaan vir skuldberading. Ekself vat maar halfhartig aan die idee. Soos ek dit sien - en ek sien dalk nie alles nie - maak die beraders geld en die arme skuld-siel verander van hare, nie van streke nie.

Selferkenning, dis wat nodig is. Dissipline, dis wat nodig is.

Praat dan met jou bank en probeer jou skuld konsolideer. Dit is beter om op een plek die skade te probeer herstel as om aan 'n horde skuldeisers te moet verduidelik.

As jy 'n oop huisverband het, gaan leen daarteen. Die rente is gewoonlik 'n

raps laer as wat jy aan 'n gewone lening, en veral op kredietkaartschuld, gaan betaal.

Maar dit gaan net werk as jy dan nie verder skuld maak nie.

Wat van spaar?

Ek skryf altyd oor die nodigheid van spaar.

Los die spaar totdat jou skuld onder beheer is. Hou so 'n paar rand eenkant vir 'n noodgeval, maar die beste pad is maar om van jou skuld ontslae te raak so gou jy kan. En dan nie weer nuwe skuld te maak nie.

Kom ons sê jy het 'n groot klomp kredietkaartschuld teen 'n debietrentekoers van 11,5% per jaar. Elke rand wat jy aan daardie skuld afbetaal, is so goed as 'n na-belaste-opbrengs van 11,5% per jaar op daardie bedrag geld wat jy nou nie meer skuld nie.

Om egter die werklike som te doen ten einde te sien hoe dit jou raak, moet jy jou belasting in berekening bring. Skuld word immers betaal met na-belaste geld.

Om geld te belê waar jy gaan beter doen as om jou skuld te betaal, moet jy die voor-belaste som maak. Kom ons sê jou marginale belastingkoers is 40%.

Ons bly by die rente op kredietkaart-

skuld van 11,5%. Om werklik beter te doen met 'n belegging gaan jy 'n voor-belaste opbrengs van 19,17% per jaar moet kry om dit vergelykbaar te maak met die finansiële waarde wat jy kry deur jou skuld af te los.

Gewaarborg. Daar is eenvoudig geen belegging wat vir jou hierdie opbrengs gaan waarborg nie. Om ontslae te raak van skuld kan die beste belegging wees wat jy ooit maak.

Nou, daar is aandeel fondse wat hierdie tipe opbrengs kan gee, maar nie elke jaar nie.

Raak eers ontslae van onnodige skuld en kyk dan na spaargeleenthede.

As jy eers begin werk aan jou eie rykdom, kan jy kyk na maniere hoe jy jou geld belastingvriendelik kan belê. Dit is eers dan dat spaar die moeite werd raak. Wanneer jy sien hoe jou welvaart toeneem, eerder as om elke maand onnodig geld aan die bank te moet betaal.

■ Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan Raad met jou rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@finlac.com; Twitter: @Nicovangijsen.